GEPF NEWS

THE OUTSTANDING PERFORMANCE IN THE BEST NEWSLETTER CATEGORY OF THE ANNUAL COMMUNICATION CHALLENGE BY INSTITUTE OF RETIREMENT FUNDS

Nuusbrief vir afgetrede lede van die Regeringswerknemers Pensioenfonds-RWPF (RWPF) MEI 2009

JONGSTE NUUS OOR VERKIESING VAN TRUSTEES

Die verkiesing van 'n Afgetrede Verteenwoordigende Trustee op RWPF se Raad van Trustees is 'n belangrike gebeurtenis wat slegs elke vier jaar plaasvind. 'n Stap-vir-stap gids tot die 2009 verkiesingsproses volg:

Kennisgewing van die verkiesing:
Verkiesbare stemgeregtigdes is tydens Desember 2008 in kennis gestel van die komende verkiesing en nominasies vir kandidate om te staan vir verkiesing is aangevra.

Die kennisgewing het in alle vername landwye en streekkoerante, asook in die staatskoerant verskyn. Pensioenarisse is ook in kennis gestel deur middel van 'n kennisgewing van die verkiesing wat aan hulle gepos is, en deur middel van 'n uitgebreide veldtog op die radio ten einde seker te maak dat verkiesbare stemgeregtigdes deeglik ingelig word.

Nominasie van kandidate:
RWPF pensioenarisse het vanaf 5 Januarie tot 13 Februarie 2009, geleentheid gehad om hulle kandidate vir die verkiesing te nomineer. 'n Totaal van 30 kandidate het voldoen aan kriteria vir nominasie en kon dus genomineer word as kandidate.

Tydperk vir besware:
Pensioenarisse is gevra om dringend kontak te maak met die Verkiesings- instituut van Suidelike Afrika (VISA) indien hulle besware wou opper oor enige van die genomineerde kandidate. Die tydperk het op 23 Februarie begin en op 27 Februarie 2009 geëindig.

Stemmery:
VISA het pakkies met stembriefies daarin gepos aan alle stemgeregtigde kiesers. Stemmery het op 1 April 2009 begin en op 15 Mei 2009 geëindig. Daar is per pos met geslote briefies gestem.

MEI 2009

Tel van die stemme:
Die geslote stembriefies is getel en die voorlopige resultate is tussen 8 en 20 Mei 2009 bekend gemaak. Die voorlopige resultate verskyn op RWPF en VISA se webwerwe. Pensioenarisse kon enige besware oor resultate wat bekend gemaak is, tussen 20 en 21 Mei 2009 opper.

Taalvoorkeur kry ons aandag
Dankie aan alle pensioenarisse wat positief gereageer het op ons versoek vir raad oor die taalkeuse waarin hulle hul nuusbrief verkies. Ons evalueer en oudit tans die getal

versoeke oor voorkeur tale. Tydens hierdie proses, hersien ons u persoonlike inligting, insluitende die taal wat u verkies, in ons databasis.

Dit vorm deel van ’n vername RWPF projek om die onjuiste te verwyder uit persoonlike inligting, asook al ons lede se adresse tot hede te bring.
Intussen sal u nog steeds die nuus- brief se Engelse weergawe ontvang, en alle lede wat ‘n voorkeur vir ’n taal aangedui het, sal nog ‘n uitgawe ontvang.

Hierdie twede weergawe sal ‘n gewone swart op wit weergawe wees van die nuusbrief in die taal van hulle voorkeur.

Ons sal u in kennis stel van die uitkoms wanneer die proses van data skoonmaak en oudit gefinaliseer is sodat ons seker kan maak dat onkoste aan ons eind-produk wys bestee is. Gaan asseblief voort om u versoeke aan ons te stuur sodat ons die data op ons basis dringend kan hersien!

RAAD VAN TRUSTEES BESTAAN OM U BELANGE TE BESKERM

Weet u wie neem al die besluite oor sake betreffende RWPF? Die antwoord is RWPF Raad van Trustees. Hulle verteenwoordig: lede, pensioenarisse, asook die werkgewer se departemente.

Die huidige Raad van Trustees het 16 lede wat bestaan uit agt verteenwoordigers van die werkgewer en agt verteenwoordigers van lede.

Die agt verteenwoordigers van lede bestaan uit:

• Een pensioenarislid, wat in ’n regverdige onafhanklike proses van verkiesing deur medepensioenarisse verkies word tot die raad.

Een persoon wat deur lede wat uniforms dra wanneer hulle diens doen, verkies word.

• Ses werknemers wat verkies word deur arbeidsverteenwoordigers op die Staatsdiens se Koördinerende Bedingingsraad.

Die Reëls van die RWPF bepaal dat:
’n trustee se dienstyd, insluitende die trustee, en sy of haar plaasvervanger, vir lede wat uniforms dra, elke vier jaar verkies moet word om op die Raad te dien. Vier jaar het verloop sedert die eerste pensioenarislid en plaasvervanger verkies is. Dit is waarom alle RWPF pensioenarisse gevra is om deel te neem aan die 2009 verkiesings- proses.

Om die regverdigheid en onafhanklikheid van die proses vir die verkiesing te verseker, is die Verkiesingsinstituut van Suidelike Afrika (VISA) aangestel om die proses van die verkiesing te bestuur. In die volgende uitgawe dek ons die nuwe Raadslede en hulle verantwoordelikhede.

GOEIE GEHALTE INLIGTING OOR KLANTE VERMINDER LAAT BETALINGS EN FOUTE

Hoe u kan help

Bygaande (Ingesluit) tot hierdie nuusbrief het u ’n vorm vir insameling van inligting ontvang. Dié vorm bevat 11 stukke deurslaggewende inligting oor u (wat “*sleutelvelde*” genoem word). Ons het dit nodig. Lees asseblief hierdie vorm noukeurig deur, voltooi dit, en pos dit dan terug aan ons.

Sodoende help u ons nie net om ons diens te verbeter nie, u kry ook plek in die tou **(staan ook ‘n kans)** om ’n fantastiese wenprys los te slaan. Sien bygaande vorm.

RWPF het ’n nuwe program vir verbetering van die gehalte van inligting wat ons oor ons pensioenarisse en lede het, bekendgestel. Dit sal tot gevolg hê dat daar beter, vinniger diens is as gevolg van inligting wat van goeie gehalte is, en vertragings en ook foute betreffende uitbetaling van voordele verminder.

Die projek staan bekend as die Gehalte Program vir Inligting en Data (GPID), en is amptelik op 22 Januarie 2009 bekend gestel deur Phenias Tjie, RWPF se Hoof Uitvoerende Beampte. Dit is RWPF se strategiese plan om uitsonderlike diens te lewer aan alle belanghebbendes.

Hoe beter die gehalte van die inligting wat RWPF het oor ons pensioenarisse, hoe beter die gehalte van die diens wat ons kan lewer. Verbeterde inligting oor pensioenarisse sal:

- Vertragings om voordele uit te betaal minimaliseer
- Die getal betalings wat nie korrek is nie, verminder
- Ons kommunikasie met pensioenarisse verbeter.

Waarom maak GPID **saak?**

Daar word verwag dat GPID talle van die probleme met inligting oor pensioenarisse wat ons tans ervaar, sal regstel. Meer as 311 000 pensioenarisse stel ’n grootse uitdaging aan RWPF om inligting oor ons pensioenarisse relevant, en tot op hede te hou.

Te einde seker te maak dat ons die beste inligting moontlik het, het RWPF se span alle pensioenarisse wie se persoonlike inligting verouderd of onvolledig was, geïdentifiseer. Die volgende stap is om d.m.v. RWPF se kontaksentrum regstreeks kontak te maak met dié pensioenarisse.

Ons spoor pensioenarisse met wie ons kontak maak aan om ons te help om die juistheid van hulle persoonlike besonderhede te kontroleer. Onthou, hoe beter die inligting betreffende u wat ons het, hoe beter die diens wat ons aan u kan lewer.

Deurslaggewende inligting oor ons pensioenarisse

Daar is 11 deurslaggewende stukke inligting betreffende elke pensioenaris wat RWPF benodig. Dié inligting bestaan uit elke persoon se:

- Van
- Voorletters
- Volle naam
- Pensioennommer
- ID nommer
- Geboortedatum
- Geslag
- Belastingnommer
- Telefoonnommer
- Selfoonnommer
- Posadres

ONTHOU U LEWENSERTIFIKAAT

Ongelukkig besef talle pensioenarisse te laat dat uitbetaling van hulle maandelikse pensioen opgeskort is omdat RWPF nie hulle Lewensertifikaat en ’n baie onlangs gesertifiseerde afskrif van hulle ID-dokument met ‘n datumstempel van die dag van sertifisering, want sertifisering mag nie ouer as ses (6) maande wees nie, betyds terug ontvang het nie. Beskerm asseblief u belange deur u Sertifikaat van Lewe (Lewensertifikaat) op tyd te hernieu voordat dit verval.

Die Lewenssertifikaat-stelsel in 1995 ingestel sodat RWPF kan tred hou met die afsterwe van ons pensioenarisse. Die stelsel was nodig omdat sterftes, in sommige gevalle, nie betyds deur naasbestaandes en kurators aan RWPF gerapporteer nie. Gevolglik is nie-geldige uitbetalings van pensioene gemaak wat moeilik was om te herwin, en dit het daartoe gelei dat RWPF verliese gely het.

Om dié probleem baas te raak, reik RWPF een keer per jaar ’n Lewenssertifikaat aan elke pensioenaris uit. Sodanige sertifikaat word drie tot vier maande voor die vervaldatum uitgereik. Die betrokke pensioenaris voltooi die sertifikaat en besorg dit terug aan RWPF, met ’n gesertifiseerde afskrif van sy/haar identiteitsdokument. Die RWPF maak dan seker dat die persoon se pensioen geaktiveer word vir die volgende 12 maande.

Versuim om die Lewensertifikaat voor of op die vervaldatum terug te besorg het tot gevolg dat betaling van die persoon se pensioen opgeskort word. Betalings kan slegs weer ingestel word nadat RWPF die persoon se voltooide Sertifikaat van Lewensertifikaat en ’n baie onlangs gesertifiseerde afskrif van die identiteitsdokument, met die datemstempel van die dag van sertifisering (sertifisering mag nie ouer as ses (6) maande wees nie) bygaande/ingesluit, ontvang het.

In die geval waar ‘n pensioenaris se pensioen opgeskort is, en dan reggestel is nadat die Lewensertifikaat met afskrif van ID-dokument, soos bo verduidelik ontvang is, word enige uitstaande gelde wat nie tydens the opskortings periode aan die pensioenaris uitbetaal was nie, dan aan pensioenaris uitbetaal. Sedert instelling van die Lewensertifikaat-stelsel was daar ’n duidelike afname in die aantal oorbetalings en die register van pensioenarisse word aanhoudend hersien.

VERBETER DIE WêRELD DEUR SOSIAAL VERANTWOORDELIK TE BELê

RWPF se pensioenarisse sal trots wees om te weet dat hulle pensioenfonds die toon aangee in Suid-Afrika betreffende beleggings met sosiale verantwoordelikheid.

Dit poog om maatskappye aan te moedig om 'n balans te skep tussen wins en sosiale verantwoordelikheid, en om hulle impak op die omgewing daadwerklik te bestuur terwyl hulle hoë standaarde van korporatiewe beheer behou. Dit is die boodskap van Mnr John Oliphant, RWPF se Hoof: Beleggings en Aktuarieel.

"Ons leef in 'n nuwe era wat ewe veel eise aan beleggers en maatskappye stel om te verseker dat die wêreld 'n beter plek word," sê Mnr Oliphant. "RWPF is verbind tot optrede wat sal verseker dat dit gebeur."

As deel van RWPF se bydrae tot 'n beter samelewing, het dit gemene saak gemaak met die JSE deur bystand tot die oorsig van sy "Socially Responsible Investment (SRI)" indeks.

Die "SRI" indeks word gebruik om te bepaal hoe sosiaal verantwoordelik Suid Afrika se voorste genoteerde maatskappye is. Dit let in die besonder op hoe goed dié maatskappye omsien na die omgewing, hoe sosiaal relevant hulle is en hoe ernstig hulle goeie korporatiewe beheer benader.

RWPF NOG STEEDS BLAKEND GESOND EN ONGEWOND

Strydig met onlangse verslae in die media dat die Openbare Beleggings- korporasie (OBK) (die organisasie wat RWPF se bates bestuur), verlede jaar sommige fondse wat belê is verloor het as gevolg van die wêreldwye ekonomiese onstuimigheid, is RWPF as 'n Fonds nog steeds blakend gesond en ongewond.

Die OBK bestuur RWPF se bates teen 'n beginpunt wat vasgestel is deur die Trustees. Relatief tot hierdie beginpunt, het die OBK goed presteer. RWPF streef nog steeds na goeie prestasies uit beleggings; maar dit is nietemin belangrik om daarop te let dat risiko eie aan belegging gedra word deur die werkgewer en nie die lid nie. Dit is omdat RWPF 'n Bystandsfonds met 'n Gedefinieerde Voordeel is.

Wat is 'n Bystandsfonds met 'n Gedefinieerde Voordeel (BGV)?

In 'n BGV word die voordeel wat betaalbaar is by uittrede uit die fonds gedefinieer deur die fonds se reëls. Gewoonlik neem dit die vorm aan van 'n pensioenvoordeel waarin 'n aktuariële ophopingsfaktor vermenigvuldig word met die jare van pensioendiens (dit is die getal jare waartydens die lid bygedra het tot die fonds) vermenigvuldig met sy of haar pensioendraende salaris (wat in die geval van RWPF gedefinieer word as die gemiddelde pensioendraende salaris vir die laaste 24 maande waarin bydraes gemaak is) vir doeleindes van bydraes.

Die uiteindelike voordeel betaalbaar volgens die fonds se reëls is gewaarborg, en word nie bepaal deur die grootte van winste wat uit die beleggings bekom word nie.

Die oorblywende koste, indien daar 'n tekort sou wees om die fonds se verpligtinge na te kom, berus by die werkgewer as die fonds se borg. Volgens voorskrifte van Seksie 31

van die Wet op Pensioene van die Regering se Werknemers is die Staat en die werkgewer en borg tot RWPF, en is as sulks verantwoordelik vir uitstaande koste.

Dit beteken dat die voordele wat deur RWPF voorsien word, nie beïnvloed word deur omstandighede op die mark nie, ook nie die opbrengs wat deur die fonds verdien word nie, omdat die belegging se risiko by die werkgewer en borg berus, en nie by die lid nie.

Soos wat gesien kan word uit die voorafgaande verduideliking, bied RWPF lede van dié fonds die sekuriteit (waarborg) dat die voordeel wat betaalbaar is altyd, ten spyte van ekonomiese omstandighede of skommelinge in beleggingsopbrengste, dieselfde bly en gebaseer is op die relevante formule vir die voordeel wat toepaslik is op die rede waarom die fonds verlaat word.

Wat is ’n Bystandsfonds met ‘n Gedefinieerde Voordeel (BGV)?

In ’n BGV word die voordeel wat betaalbaar is by uittrede uit die fonds gedefinieer deur die fonds se reëls. Gewoonlik neem dit die vorm aan van ’n pensioenvoordeel waarin ’n aktuariële ophopingsfaktor vermenigvuldig word met die jare van pensioendiens (dit is die getal jare waartydens die lid bygedra het tot die fonds) vermenigvuldig met sy of haar pensioendraende salaris (wat in die geval van RWPF gedefinieer word as die gemiddelde pensioendraende salaris vir die laaste 24 maande waarin bydraes gemaak is) vir doeleindes van bydraes.

Die uiteindelike voordeel betaalbaar volgens die fonds se reëls is gewaar- borg en word nie bepaal deur die grootte van winste wat uit die beleggings bekom word nie.

Die oorblywende koste, indien daar ’n tekort sou wees om die fonds se verpligtinge na te k om, berus by die werkgewer as die fonds se borg. Volgens voorskrifte van Seksie 31 van die Wet op Pensioene van die Regering se Werknemers is die Staat en die werkgewer en borg tot PFRW en is as sulks verantwoordelik vir uitstaande kostes.

Dit beteken dat die voordele wat deur RWPF voorsien word, nie beïnvloed word deur omstandighede op die mark nie en die opbrengs wat deur die fonds verdien word nie, omdat die belegging se risiko by die werkgewer en borg berus en nie by die lid nie. Soos wat gesien kan word uit die verduideliking wat voorsien is, bied RWPF lede van dié fonds die sekuriteit (waarborg) dat die voordeel wat betaalbaar is altyd, ten spyte van ekonomiese omstandighede of skommelinge in beleggingsopbrengste, dieselfde bly en gebaseer is op die relevante formule vir die voordeel wat toepaslik is op die rede waarom die fonds verlaat word.

TOEROPVOERINGS HELP RWPF OM LEDE TE BEREIK

RWPF pensioenarisse en lede woonagtig in en op Soshanguve in Gauteng, het in hulle honderde toegesak op die Falala saal om Saterdag, 7 Maart 2009, saam met senior RWPF bestuurders en ander verteenwoordigers deur te bring.

Diè baie suksesvolle Soshanguve toeropvoering was die eerste van talle RWPF toeropvoerings wat tydens 2009/2010 oral in die land rond gehou sal word. Die doelwit is om RWPF se dienste regstreeks na lede en pensioenarisse, in die gemak en gerief van hul eie gemeenskappe te neem.

Volgens bywoning van die Soshanguve gebeurtenis, skep die toeropvoerings baie opwinding by RWPF lede en pensioenarisse. Teen agt uur op die oggend van die geleentheid was die ruim Falala saal alreeds te klein, so vol gepak was dit met lede wat geesdriftig gewag het dat verrigtinge ‘n aanvang neem.

Lede en pensioenarisse wat die toeropvoering in Soshanguve begewoon het, het ‘n produktiewe dag bestee aan interaksie, asook in die uitruil van idees met RWPF verteenwoordigers wat in hul volle getalle teenwoordig was. Hulle het ook geleentheid gekry om persoonlike besonderhede in te voltooi op nominasievorms vir bevoorregtes. Hierdie uitmuntende diens is voorsien deur RWPF se Kliëntskakelbeamptes, wat heeldag, skootrekenaars ingesluit, op die terrein was en op die meeste navrae, die regte antwoorde daar en dan kon voorsien.

Toeropvoerings vind tydens die komende maande oral in Suid Afrika plaas, en pensioenarisse sal betyds vooraf ingelig word oor wanneer hulle kontrei aan die beurt kom. Ons sien daarna uit om u daar te sien!

VERHOGINGS HELP OM PENSIONARISSE TE BESKERM TEEN INFLASIE

Deur geld te bespaar tydens maklike tye, het RWPF se Raad van Trustees gesorg vir moeilike tye. Op 1 April 2009, het RWPF pensioenarisse verhogings ontvang wat daarop gemik is om hulle te help om die uitwerking van inflasie te beveg.

Indien u afgetree het op of voor 1 April 2008, is u pensioen verhoog met 9%. Indien u afgetree het na 1 April 2008, ontvang u 0.75% vir elke maand tussen die datum van u aftrede en 31 Maart 2009.
Bo en behalwe die basiese verhoging, het RWPF ook inhaalverhogings betaal aan pensioenarisse wie se maandelikse pensioene waarde verloor het sedert hulle aftrede as gevolg van inflasie.

Briewe is gestuur aan alle RWPF pensioenarisse om hulle in kennis te stel van die Raad van Trustees se besluit om pensioene te verhoog vanaf 1 April 2009.

Waar om ons te kontak

HOOFKA NTOOR:
Fisiese Adres:
Government Employees Pension Fund
34 Hamiltonstraat, Arcadia, Pretoria
Posadres: Privaatsak X63, Pretoria, 0001
Faks: (012) 326 2507

Pietermaritzburg
Kantoor
Tel: 0800 117 669
Fisiese Adres:
Brasfortgebou
(3rde verdieping)
262 Langalibalele- straat,
Pietermaritzburg

Mafikeng Kantoor
Tel: 0800 117 669
Fisiese Adres:
Mmabatho,
Mega City (Grondverdie-ping, Ingang 4),
Mafikeng

Polokwane
Kantoor
Tel: 0800 117 669
Fisiese Adres:
87(a) Bokstraat,
Polokwane

Bisho Kantoor
Tel: 0800 117 669
Fisiese Adres:
Winkel Nommer 12
Global Life-gebou,
Circular Drive,
Bisho

Webwerf adres:
www.gepf.co.za/
www.gepf.gov.za
Tollvrye nommer:
0800 117 669
epos:
enquiries@gepf.co.za

Kaapstad
Kantoor
Tel: 0800 117 669
Fisiese Adres:
No 1 Thibault Square
(21steVerdieping)

Nelspruit Kantoor
Tel: 0800 117 669
Fisiese Adres:
32 Bellstraat,
(Grondverdie-ping)

Bloemfontein
Kantoor
Tel: 0800 117 669
Fisiese Adres:
No 2 President
Brandstraat

LET WEL: Let asseblief daarop dat tolvrye nommers, volgens die lys in alle Streekkantore, word gelei na RWPF Oproepsentrum by Hoofkantoor in Pretoria. Streekkantore is instapsentra vir Lede en Pensioenarisse om tydens kantoorure te besoek.

Teenspraak/ontkenning

Hierdie inligting word beskerm deur toepaslike wette op intellektuele eiendom en mag nie gekopieer, versprei of verander word vir doelwitte betreffende wins maak nie. Alhoewel hard probeer is om seker te maak dat die inligting wat hierin bevat word huidiglik, redelik en akkuraat is, kan dit nie gewaarborg word nie.

Die gebruik van hierdie inligting deur enige derde party sal algeheel volgens die derde party se diskresie wees en is slegs van feitelike aard. Die inligting wat hierin bevat word, konstitueer nie finansiële raad soos beskou kragtens die Wet op Finansiële Advies en Bemiddeling van 2002 nie.

RWPF beveel of stel nie voor dat produkte of dienste waarna daar hierin verwys word per implikasie of uitdruklik aangewese is vir die besonderse behoeftes van enige derde party nie.

RWPF aanvaar nie aanspreeklikheid as gevolg van enige verlies, skade, kostes en uitgawes wat verduur, direk of indirek, aangegaan word as gevolg van enige fout of weglating wat hierin bevat word nie.